

## 18 Februarie      Filippense 3:12-14, (Teks: 3:14)

### ***Span jou in om koersvas die wenstreep te bereik***

Filippense 3:12-14 gebruik die beeld van 'n wedloop. In die Christelike wedloop is die kind van die Here nie onseker, vreesbevange nie. Die rede vir ons geloofsekerheid in die Christelike wedloop is in die eerste plek die feit dat jy Jesus se eiendom is (vers 12). Met sy bloed het Hy jou sy eiendom gemaak. Die tweede rede vir ons sekerheid is die rykdom van die hemelse prys. Ons hardloop nie verniet nie. Ons ontvang die ewige saligheid as genade weldaad uit God se hand. Dit is die lourierkrans wat om God se kinders gehang word.

Volhard oor die hindernisse heen. Vir die Christenwedloper kan die hindernis wees dwaalleraars wat jou mislei. Dit kan ook wees op wêreldse, uiterlike dinge jou vertrou te stel. 'n Mens kan so besig raak met allerhande sake van elke dag dat jy geestelik uit fokus raak en dan nie meer geesteskrag vir die geestelike wedloop het nie. Dan raak die wedloop te veel en sak jy uit.

Hou dus die doel voor oë. Die allergrootste doel vir 'n Christenwedloper is om die dinge buite Christus - sondes, eiegeregtigheid, valse roem, ens., agter te laat en jou uit strek na die dinge daarvoor. En wat is dié dinge daarvoor? Dit is om Jesus Christus te ken al sou dit wees dat jy soms in hierdie wêreld soos 'n bywoner en 'n vreemdeling voel. Die hemelse prys word reeds in hierdie lewe jou deel as jy Jesus in sy opstandingkrag deur 'n ware geloof en volle lewens-toewyding leer ken het. Vir hierdie wedloop rus die Heilige Gees ons toe. In Sy krag sal ons die wedloop kan voleindig.

Ds. N.J. van der Walt (Brits)